Februarie 2019

# Stellenberger

## Sonstraal- en Vygeboomdamme word deur rommel bedreig









As kinders van die Here is ons verantwoordelik om sy skepping te onderhou. Toe die Sonstraal- en Vygeboomdamme na die afgelope skoolvakansie met rommel besaai was, het Craig de Lucchi, 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente, en lede van die Kendalwegbuurtwag hulle moue opgerol en ingespring sodat die skoonheid van die damme bewaar kan word.

"Behalwe vir die patrolleringswerk wat die Kendalwegbuurtwag doen met die oog op sekuriteit, het ons ook by ander opgraderingsprojekte in die gemeenskap betrokke geraak," sê Craig. "Ons mees onlangse projek was die skoonmaak van die Sonstraal- en Vygeboomdamme."

Plastiek- en glasbottels, plastieksakke, sigaretstompies en leë koeldrankblikkies is die grootste sondebokke.

Vervolg na bladsy 2 . . .

. . .  vervolg vanaf bladsy 1

Om die probleem te bekamp stel Craig voor dat die inwoners van die omgewing verantwoordelikheid vir hul buurte moet aanvaar en daarmee saam geen verdraagsaamheid teenoor rommelstrooiing moet duld nie. Opvoeding is syns insiens die enigste manier hoe die probleem aangepak kan word. Daar is ook 'n aansoek by die Stad Kaapstad ingedien vir die plasing van meer vullisdromme rondom die damme en op die groenstrook tussen die damme.


Daar word beoog om die opruimingswerk een keer elke drie maande te herhaal en 'n beroep word op inwoners in die omgewing gedoen om betrokke te raak. 'n Mens hoef net twee ure van jou tyd op 'n Saterdagoggend, een keer elke drie maande, op te offer. Enigeen kan gaan help en so 'n verskil aan die omgewing maak. Daar sal vir almal – oud, jonk, fiks en onfiks – iets te doen wees.

Craig sê verder: “Ons wil ook graag aan ander buurtwaggroepe in die omgewing met soortgelyke projekte, hulp aanbied. Moedig sommer jou vriende en bure ook aan om betrokke te raak. Kontak my gerus by 082 903 8559, of craig.delucchi@caafrica.co.za vir enige navrae en volg ons op Facebook by https://www.facebook.com/KendalRoadCommunity/.”

# Rus en stilte in Wellington

deur: Philipp Dietmann

**By die meditatiewe diens probeer ons vir mense 'n ruimte skep waar almal by God kan kom stil word en rus vind. In hierdie ruimte herinner ons mekaar daaraan dat God elke dag saam met ons op reis is, en dat ons ook medereisigers is wat na mekaar se stories luister. Ons dink, droom en oordink ook oor hoe God ons uitnooi om saam die wêreld 'n beter en meer betroubare plek te maak.**




Ek vermoed dat baie mense die behoefte het om stil te word en die geraas van hulle lewens en die wêreld om hulle vir so 'n rukkie af te skakel. In Wellington is 'n sentrum vir spiritualiteit spesifiek vir dié doel ontwikkel. Daar word besoekers die geleentheid gebied om die geskenk van stilte te ontdek.

Vandaar het die gedagte aan 'n kwartaallikse wegbreekgeleentheid ontstaan. Belangstellendes sal die opsie hê om as deel van 'n groep, of alleen en op sy/haar eie tyd, stilte op te soek. Groepe wat die sentrum besoek, sal op 'n Vrydagaand daar oornag en Saterdaglaatmiddag terugkeer huis toe.

Akkommodasie en etes word voorsien. Ons sal binnekort die eerste datum vir 'n groepbespreking bekend maak. Akkommodasie word vir 40 persone aangebied en elke gas het sy/haar eie kamer en badkamer.

Ons beplan ook tans 'n pelgrimstog wat jaarliks onderneem sal word. Frederick Marais het na sy persoonlike ervaring van die Camino-pelgrimstog in Spanje, die “pelgrimstog van hoop,” wat deur die hele Boland en verder strek, ontwikkel. Ons wil ook aan lidmate die geleentheid bied om saam te stap op die “pelgrimstog van hoop”. Volledige inligting oor dié pelgrimstog sal eersdaags beskikbaar wees.

# Omgee vir die skepping is ook aanbidding

Uittreksel uit: Rykdom in eenvoud deur Willem Nicol
Verwerk deur: dr. J. Gavera



**As 'n mens 'n hart het vir wat mooi is, sal jy natuurlik ook jou omgewing mooi wil hê. 'n Eenvoudiger lewenstyl stel jou in 'n beter posisie om jou omgewing op te pas.**

**Ons leef nie óp die aarde nie, maar ín die aarde.** God het die mens as deel van die aarde geskape – totaal afhanklik daarvan. Ons leef nie op die aarde nie, maar in die aarde – ingebed onder die biosfeer met sy verskillende lae rondom die aarde. Die mens se kulturele ontwikkeling behoort dus in wisselwerking en balans met die kosmiese kondisie van die aarde te wees. Ook t.o.v. wat mooi is, is die mens van die aarde afhanklik. Die aarde is God se groot kunswerk en alles daarop is "mooi om na te kyk" (Gen 2:9).

**Ons is óf soos senupunte, óf soos kanker.** Nie net is die mensdom van die aarde afhanklik nie, maar die aarde is ook van die mensdom afhanklik. Ons het die vermoë om die aarde te vernietig, soos 'n kanker, of ons kan soos die senupunte van 'n organisme funksioneer en alles wat die aarde bedreig, waarneem, sodat ons die gevaar kan afweer. Die sensitiewe wisselwerking tussen mens en aarde is egter verbreek. Ons materialistiese en tegnologiese lewensbeskouing laat ons die aarde bloot as die roumateriaal vir materiële gewin sien. Hoe dit die aarde beïnvloed, maak glad nie meer saak nie.

**Die Bybel het bepaalde voorskrifte.** Die natuur het 'n ereplek as voorwerp van God se besondere sorg en liefde (vgl. Ps. 104). Daarom leer God ook die mens om verantwoordelikheid vir die land/aarde te aanvaar en daarvoor te sorg (vgl. die sabbatsjaar, Lev. 25). Die land behoort nie net aan die mens nie; die mens behoort ook aan die land en het die verantwoordelikheid om as die oppassers daarvan op te tree.

**God is in sy handewerk teenwoordig.** God en sy skepping kan nie geskei word nie. Al is Hy baie meer en groter as sy skepping, is Hy ook teenwoordig in sy handewerk. Deur sy magtige, allesdeurdringende teenwoordigheid dra Hy alles wat bestaan (vgl. Hand.17:28). Ons moet toelaat dat die wonder en misterie van God se teenwoordigheid in sy skepping ons betower.

**Omdat God in die natuur teenwoordig is, is die beskadiging van van die aarde sonde.** Geweldpleging teen die natuur is net so afskuwelik soos ander vorme van geweldpleging. So ook is nie net diens aan mense nie, maar ook diens aan die res van die skepping, 'n manier om God te dien. Nie net genieting van 'n erediens en Bybel is godsdiens nie, maar ook die genieting van die natuur kan 'n vorm van aanbidding wees.

Vervolg op bladsy 4 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 3

**Eenvoud help die planeet.** Die beoefening van 'n eenvoudiger lewenstyl stel ons in staat om ons planeet op te pas. Op die pad van eenvoud word die hebsug van die mens getem. Ons moet nie ons kosbare omgewing vir ekonomiese groei opoffer nie. Ons ontwikkelingstrategieë moet ook verantwoordelike omgewingsbeleide insluit.

**Moenie mens en natuur skei nie.** Die modernisme het mens en natuur geskei - tot nadeel van die natuur. Party radikale omgewingsvoorvegters skei die twee vandag nog, tot nadeel van die mens. Hulle wil net die nie-menslike natuur oppas. Gevolglik is hulle teen alle menslike ontwikkeling. Die mens is tog ook deel van die natuur. Nie net vinknessies is "natuurlik" nie, maar net so ook menslike bouwerk wat die landskap en natuurlike omgewing respekteer. Dit moet ons ideaal wees om menslike ontwikkeling so te beplan dat dit ook Suid-Afrika mooier sal maak.

In ons persoonlike, alledaagse lewe kan ons baie vir ons natuurlike omgewing doen. 'n Lewe van eenvoud word gevoed deur die mooiheid van die omgewing waarin ons leef. Dus moeite doen met die skep van 'n mooi tuin, straat, voorstad. Bereid wees om self rommel op te tel.

Om omgewingsbewaring as deel van ons godsdiens te beskou, sal waterbesparing, energiebesparing, herwinning van onder andere papier en glas – trouens, alle ander soortgelyke aksies, bevorder.

Die noodkreet van 'n uitgebuite moederaarde kan gehoor word as 'n stem wat ons motiveer om eenvoudiger te lewe – nie net tot eie of ander mense se voordeel nie, maar ook ter wille van die omgewing

# Terreinpersoneel is nou eenvormig

Agter van links: Cobus Albers, nutsman, Hanlie Reinecke, terreinkoördineerder, Bernie van Wyk, terreinwerker.

Voor van links: Terrence Smith, terreinwerker, Christine Morsbach, koster vir begrafnisse, Harry Langhtrey, terreinwerker en Sharon Smith, terreinwerker.



# Basaar Vrydag 1 Maart 16:00




**Die basaar is propvol lekkernye vir die fynproewers en 'n rits pretaktiwiteite vir die jongspan. Die kleinspan kan uitsien na springkastele, gesigverf deur 'n professionele grimeerkunstenaar, heliumgevulde ballonne en inkleuraktiwiteite. Vir die jongklomp met senuwees van staal sal daar ook 'n abseiltoring wees waar hulle hulle klim- en seilvaardighede kan toets. 'n Prys word ook aangebied vir die ouer-en-kind-span wat die hoogste kan klim.**

'n Wye verskeidenheid etes word aangebied: vetkoek, roosterkoek, poeding, kerrie-en-rys, boereworsrolle, jaffels, hamburgers, pannekoek, braaivleis en slaai, pizzas, wildsvleis (gaar en rou produkte) en chipstix.

Moet ook nie die heerlike tuisgebak by die offertafel misloop nie en 'n winskopie by die witolifanttafel is ook nie te versmaai nie. Edelweiss Dienssentrum se gewilde pick a box-tafel is weer in die grootsaal vir diegene wat hulle geluk daar wil beproef.

Wyn of bier kan geniet word teen 'n donasie van R50 per bottel of R15 per glas en R25 per bier. Betaling kan met kontant, kredietkaarte, of SnapScan gedoen word. Rig asseblief enige navrae aangaande die basaar aan: Christine Morsbach by 082 353 9917.

# Stellenberg Ondersteuningsentrum se dienste brei uit

Stellenberg Ondersteuningsentrum bied tans die volgende terapeutiese dienste aan:

Francois van der Linde, Kliniese Sielkundige

Lydia-Anne Carstens, Kliniese Sielkundige (kinders)

Linnea Potgieter, Kliniese Sielkundige

Annerie Joubert, Kliniese Sielkundige

Jacolien Britz, Spraakterapeut

Lica King, Spraakterapeut

Maroné Vivier, Spraakterapeut

Zoné Janse van Rensburg, Arbeidsterapeut

René Potgieter, Mediator

Deon Maree, Mediator

Carlo Loubser, Mediator

Almarie du Preez, Musiekterapeut

Kontak gerus die spreekkamer by 021 976 8029 (tussen 09:00 en 12:00) of sos@stellenberg.co.za om 'n afspraak by enigeen van die professionele persone te maak.

# Dis nie ’n wolhaarstorie nie




Die breigroep het werklik dringend wol nodig. Die groep flukse Stellenberg-lidmate met die vlytige vingers het verlede jaar nie minder nie as 800 serpe, 840 musse, 100 truitjies en 50 pare handskoene vir die jeuguitreike wat tydens die Junieskoolvakansie plaasvind, gebrei. Die breiers se werk het tot stilstand gekom omdat hulle wolvoorraad uitgeput is en hulle vra of elke vrou in die gemeente nie wil oorweeg om net een bol wol te skenk nie. Met een bol wol kan 'n kinderserp of ’n mussie gebrei word. Wolbydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of plaas in die wolmandjie in die voorportaal van die kerk.

# Beroep as jeugleraar



**Ds. Hanno Ackerman is op 30 Januarie as jeugleraar na Stellenberg-gemeente beroep. Hy is tans die jeugleraar by die NG Kerk Sonstraal.**

Lidmate het nog 'n week om op die beroep te reageer, waarna Hanno twee weke ontvang waartydens hy kan besluit of hy die beroep aanvaar al dan nie.

# Strome van seën

Die verseëlde vyfliterbottels water het werklik ingestroom. "Baie dankie aan lidmate en lede van die gemeenskap wat almal bygedra het," sê ds. Why Duvenhage. Ons kon altesaam 10 000 liter water in droogtegeteisterde dorpe soos Calitzdorp, Zoar, Beaufort-Wes en Merweville aflaai. Ons beoog om nog ongeveer 5 000 liter water te versprei. Die foto van die glas water is 'n aanduiding van hoe die kraanwater tans in Zoar lyk – beslis nie geskik vir menslike gebruik nie.

Aan elke waterbottel is boonop 'n teksvers vasgemaak, wat vir die ontvangers van dié lewensbron net 'n verdere bewys is dat die skenkings met baie omgee en liefde versend is.









**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Van Tafelberg tot die Alpe

**Stellenberg en Fürstenfeldbruck, in Duitsland, waar Stellenberg 'n groeiende vennootskap het met die Evangelies-Lutherse Kerk, het een ding in gemeen – beide die dorpe het 'n uitsig op wêreldbekende berge. Vanaf Stellenberg het ons 'n pragtige uitsig op Tafelberg en vanaf Fürstenfeldbruck is die Alpe-bergreeks weer sigbaar.**



Die voorbereiding vir 'n besoek van 'n Stellenbergspan wat Beiere vanaf 20 Maart tot 6 April besoek, is volstoom aan die gang en ons vriende in Fürstenfeldbruck doen baie moeite om met tipies Beierse gasvryheid als vir ons besoek agtermekaar te kry. Die besoek word hoofsaaklik deur Weltwärts, 'n Duitse organisasie wat Noord-Suid-dialoog en samewerking bevorder, befonds. In Maart 2018 was 'n groep jongmense van Fürstenfeldbruck ons gaste en hulle het toe onder andere 'n eerstehandse blik gekry op armoede en die behoefte aan goeie opvoeding in sommige van ons gemeenskappe.

Onder die tema armoede en opvoeding, wat ook aansluit by die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, poog ons om saam met ons Beierse vriende verskillende geleenthede vir samewerking te ontsluit. Ons gaan tydens ons besoek ook leer hoe die Beiers hierdie temas in hul omgewing hanteer. Alhoewel ons 'n groep jongmense na München stuur, is die vennootskap tussen Stellenberg en Fürstenfeldbruck meer as net 'n jeuginisiatief. Die res van die gemeente moet ook deel word van hierdie vennootskap. Ons wil graag baie meer mense betrokke kry by inisiatiewe wat fokus op armoedeverligting deur middel van opvoeding. Die doel van die besoek is:

Om die tema armoede en opvoeding in Duitsland in diepte te verken, met die doel om saam te werk aan 'n holistiese benadering deur beide lande om armoede te verlig;

Om die idees in praktiese projekte om te skakel en as vennote daaraan te werk.

So hoop ons om beslis 'n verskil in die wêreld te maak. Die vennootskap bied ook meer geleenthede vir skakeling. Gasvryheid, wat vir ons sowel as vir die Beiers belangrik is, kan bv. prakties gestalte kry deur 'n spesiale Stellenberg-Airbnb-diens vir Beierse besoekers aan te bied en omgekeerd. Dis tog lekker om 'n eiesoortige, gasvrye ontvangs in 'n nuwe omgewing te kry. Soos Tafelberg en die Alpe belangrike natuurlike bakens in ons onderskeie streke is, wil ons ook bakens van hoop vestig deur hierdie besoek en die versterking van ons vennootskap.

*Dirk Brand is leierouderling van die gemeente.